

Maandag 27 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:8-13 (vgl. ook Rom. 12:6-8; 1 Kor. 12:28)

'n Diaken is 'n gawe van God die Heilige Gees aan die gemeente

Met die aanvang van die kerk van die HERE in die Nuwe Testament was daar nog nie diakens nie. (Sien ook gister se dagstukkies oor ouderlinge as gawes van die Gees aan die kerk.) Die apostels het ook, benewens die gees-telike versorging van die gelowiges, die fisiese versorging van die gelowiges hanteer.

Daar was baie arm mense in die eerste gemeente, Jerusalem. Aanvanklik was die gelowiges hoofsaaklik van Joodse afkoms, maar mettertyd het ook mense uit ander kulture, soos Grieke, gelowig geword (vgl. Hand. 6:1-7). Die apostels kon naderhand nie meer die geestelike *en* die fisiese versorging in die gemeente behartig nie, en daarom is daar, onder die leiding van die Heilige Gees, sewe diakens gekies om die fisiese versorging te behartig.

Soos met die ouderlinge is diakens ook gawes van die Heilige Gees aan die gemeente, en word diakens self ook deur die Gees toegerus vir die belangrike werk wat hulle moet doen tot groei en opbou van die kerk van die HERE. Die diakens moet die liefde van Christus teenoor enigeen wat op watter manier ook al swaarkry, in die wêreld laat skitter. Geen lidmaat mag, om watter fisiese rede ook al, van die gemeenskap van die gelowiges vervreem raak nie!

Wanneer jy dan deur die HERE geroep word om as diaken in sy diens te werk, moenie terugdeins nie – die Heilige Gees sal jou toerus vir hierdie werk en ook aan jou die middele voorsien wat jy nodig het.

Wanneer die gemeente vir die barmhartigheidswerk bydra, gee ons nie vir die diakens nie, maar vir die HERE! Die HERE het 'n blymoedige gewer lief! (Lees meer hieroor in 2 Kor. 9.)

Vir diakens, net soos vir ouderlinge, is daar 'n heerlike vertroosting in hierdie onbaatsugtige roepingswerk in diens van die HERE : hulle ontvang 'n eervolle plek in die gemeente, en ook die voorreg van vrymoedigheid in hulle geloof. Ons as lidmate mag nooit nalaat om vir die diakens en ouderlinge, wat ons geestelik en fisies versorg, te bid nie!

Sing: Psalm 145:1, 5 (1936)

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)